# Hoofstuk van die dag: Openbaring 8

> *Toe die Lam die sewende seël oopmaak, het daar stilte in die hemel gekom, omtrent ’n halfuur lank. En ek het die sewe engele gesien wat voor God staan, en daar is aan hulle sewe trompette gegee. (vers 1-2)*

Ons is nou by die sewende seël, wat die volgende siklus (die sewe trompette) in Openbaring inlui. Die ontplooiing van God se plan word deur die trompetgeskal aangekondig. Maar vóór God sy plan in werking stel, maak Hy die hemel stil. Die aanbidding en lofsange moet stop, want hier gebeur iets wat ál God se aandag verg – die gebede van die gelowiges word na Hom gebring, en Hy luister daarna.

Ongelooflik. God wil eers hoor wat sy kinders bid voordat Hy sy plan uitrol. Want sonder my en jou gebede wil God nie voortgaan nie. Ons gebede word só deel van God se beplanning. Hy neem dit in ag, en pas sy plan daarby aan.

Ek kan dit nie lekker bedink nie, maar dis tog wat hier staan. Die groot vraag is natuurlik: Wat bid die kerk, ek en jy? Help ons met ons gebede vir God in die bestuur van sy wêreld?

© Bybelkoerant 2018 – 2026